

Maar Nou

Deel 3 - Geregverdig

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Wat is die effek van skuldgevoelens, spyt en skaamte op mense se lewens, hul selfvertroue en uitleef van hul roeping?

Watter effek het hierdie emosies al in jou lewe gehad? Op watter manier het jy dit probeer beter maak of probeer beter laat voel?

Watter effek het skuldgevoel en 'n gevoel van veroordeling op Christene se geloofslewe en verhouding met God?

As jy dink oor die reeks van die afgelope paar weke, wat het vir jou uitgestaan? Wat het jy geleer?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Johannes 1:29 en 1 Johannes 2:2. Hoe voel jy daarvoor dat Jesus jou sonde kan, en wil wegneem?

Psalm 103:10-13 en Miga 7:18-19. Hoekom is dit belangrik om te beseef wat God met ons sonde gedoen het?

Romeine 4:25(AFR20): *“Hy is ter wille van ons oortredings oorgelewer, en ter wille van ons regverdigmaking opgewek.”* Volgens hierdie vers is ons sonde die rede vir Jesus se kruisiging, maar omdat dit 'n voldoende prys was is Hy opgewek uit die dood. Jesus se opstanding is 'n bewys dat jy vrygespreek kan wees. Hoe laat dit jou voel? Hoekom is dit belangrik om te onthou?

Romeine 5:1-2, 8-11, 17-19. Wat Adam gedoen het, het 'n groot invloed gehad op die mensdom. Wat Jesus gedoen het, het 'n groter impak gemaak. Wat staan vir jou uit in hierdie verse?

Efesiërs 6:14. Vryspraak dien as deel van ons wapenrusting teen die vyand. Hoe sterk is jou begrip van vryspraak? Watter invloed dink jy het dit op hoe sterk jou “borsharnas” is teen die aanvalle van die vyand?

In die preek noem Petrie twee verse wat ons kan herinner aan wat God gedoen het wanneer ons skuldig voel of skaam voel oor sonde in ons lewe – Romeine 8:1 en 8:31. In watter situasies kan jy jouself herinner aan hierdie waarhede? Hoe gaan jy dit doen?

Dink vir 'n oomblik wat Jesus vir jou gedoen het; waarvan jy bevry is; en hoe Hy jou sien. Skryf 'n gebed van dankbaarheid neer.

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.